

Visuele tekste Graad 8

Deur: Marelize Swanepoel (Newton College)

Vraag 1

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae.

Lefa PRODUKSIE bied aan **GROET DIE GROTMAN** Die langste solo stuk op Broadway!

ROB BECKER SE **DEFENDING THE CAVEMAN** met **Hannes Muller**
In Afrikaans vertaal en verwerk deur **Koos Kombuis**
Regie: **Sandra Prinsloo**

NOU IN AFRIKAANS!

HANNES MULLER MAAK VAN GROET DIE GROTMAN N WARE GENOTGROT
MET GROTMAN IS HEERLIK KOMIES IN AFRIKAANS!

Oral Uitverkoop Bespreek Gou!

Broadway se suksesvolle komedie oor Mans & Vrouens

Venue: Killimanjaro - Emerald Resort & Casino
Tickets: R120 - R140pp, no under 16's allowed
Tickets available through Computicket
Time: Doors open at 19:30, show starts at 20:00

Beeld Jre wêreld, Jre toekomst
RSG DIE DE EEN
HUIS genoot
DIE BURGER



For more information contact 016 982 8026

Emerald RESORT & CASINO
www.emeraldcasino.co.za

(Bron: <https://emeraldcasino.files.wordpress.com/2014/09/groet-die-grotman-725x1024.jpg>)

- 1.1 In watter twee tale kan *Groet die Grotman* gesien word? (2)
- 1.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom die advertensie in die twee tale geskryf is. (1)
- 1.3 Wie speel die grotman in die Afrikaanse produksie? (1)
- 1.4 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

- 1.4.1 Kinders mag *Groet die Grotman* gaan sien. (1)
- 1.4.2 Hannes Muller en Koos Kombuis is karakters in die produksie. (1)
- 1.5 Gee die Afrikaanse vertaling vir die volgende Engelse woorde uit die advertensie:
- 1.5.1 tickets (1)
- 1.5.2 through (1)
- 1.5.3 information (1)
- 1.6 Wat is die doel van die strepe op die televisieskerm? (1)
- 1.7 Kies die regte woord tussen hakies en skryf slegs die korrekte antwoord neer.
Die grotman het klipmeubels, maar 'n elektriese televisie. Dit is 'n voorbeeld van (vergelyking/
ironie/stereotipering). (1)
- 1.8 Pas die **tipe media** in kolom B by die **borse se name** in kolom A. Skryf slegs die regte letter
langs die nommer neer, byvoorbeeld 3.5 A. (3)

Kolom A	Kolom B
2.8.1 Beeld	A. radiostasie
2.8.2 	B. koerant
2.8.3 	C. tydskrif

- 1.9 Sal jou ouers die produksie wil gaan kyk? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[15]

Nasiemriglyne

	Antwoorde	Punt	Vlak
1.1	Afrikaans; Engels (<i>Tale moet in Afrikaans gegee word.</i>)	(2)	1
1.2	Die produksie kan in Afrikaans en Engels gesien word.	(1)	4
1.3	Hannes Muller (<i>Naam en van</i>)	(1)	1
1.4.1	Onwaar, geen onder 16's word toegelaat nie.	(1)	3
1.4.2	Onwaar, Koos Kombuis het dit vertaal.	(1)	3
1.5.1	tickets = kaartjies (Let op na meervoud.)	(1)	1
1.5.2	through = deur	(1)	1
1.5.3	information = inligting/informasie (<i>Woord is in AWS.</i>)	(1)	1
1.6	Die strepe wys dat die televisie nie opvangs het nie.	(1)	3
1.7	ironie	(1)	4
1.8.1	B (koerant)	(1)	3
1.8.2	C (tydskrif)	(1)	3
1.8.3	A (radiostasie)	(1)	3
1.9	Ja/Nee, relevante rede of hul ouers die produksie wil gaan kyk of nie.	(1)	5
		[15]	

Graad 9

Deur: Helena Greyling (Curro Bankenveld)

Vraag 1

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

Beeld
IN ONDERWYS

**INTERNASIONALE
GELETTERDHEIDSDAG**
8 September 2017

8 September is
Internasionale Geletterdheidsdag.
Beeld nooi elke skool uit om dit 'n ware leesdag
te maak en 'n tyd daarvoor af te staan.

U kan koerante vir daardie dag bestel teen ons spesiale aanbod
van **R6.25** per koerant en daar sal 'n oulike boekie per
koerant wat met spelling kan help gratis bykomend aan die
skool gestuur word.

Stuur 'n e-pos na skool@beeld.com as u
belangstel en die aantal koerante wat u graag
sal wil bestel, asook die kontakpersoon se naam,
e-pos, kontaknommer en die afleweringadres.

(BRON: www.af-za.facebook.com/Beeld-In-Onderwys, 4 Augustus 2017)

Vraag 1

- 1.1 Watter geleentheid word in hierdie advertensie bemark? Haal twee opeenvolgende woorde aan. (1)
- 1.2 Waaroor gaan die geleentheid wat in vraag 1.1 genoem is? Haal een woord aan. (1)
- 1.3 Herskryf die volgende sin deur 'n bywoordelike bysin in te voeg.
U kan koerante vir daardie dag bestel. (1)
- 1.4 Gee 'n sinoniem vir die woord "gratis" in die teks. (1)

- 1.5 Begin met die voegwoord AANGESIEN en verbind die volgende twee sinne.
U kan koerante vir daardie dag bestel. Dit word teen 'n spesiale aanbod verkoop. (1)
- 1.6.1 Is die volgende stelling WAAR OF ONWAAR?
Koerante word op hierdie dag gratis aan skole gestuur. (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord van 1.6.1 deur 'n frase aan te haal. (1)
- 1.7 Waarvoor staan die "e" in "e-pos"? (1)
- 1.8 Noem drie dinge wat in die e-pos moet wees as jy in die koerante van hierdie dag belangstel. (3)
- 1.9 Watter feit in die advertensie sal die taalonderwyser kan gebruik om die hoof te oorreed om aan hierdie leesdag deel te neem en die koerante te bestel? (1)
- 1.10 Dink jy ander media-instansies sal spyt wees as wanneer hulle hierdie advertensie sien?
Motiveer jou antwoord met twee redes. (2)

[14]

Nasiensriglyne

	Antwoorde	Punte
1.1	"Internasionale Geletterdheidsdag"	(1)
1.2	"leesdag"	(1)
1.3	U kan koerante vir daardie dag bestel deur net 'n e-pos te stuur. (hoe)	(1)
1.4	verniet	(1)
1.5	Aangesien koerante teen 'n spesiale aanbod verkoop word, kan u dit vir daardie dag bestel.	(1)
1.6.1	Onwaar	(1)
1.6.2	"bestel teen ons spesiale aanbod"	(1)
1.7	elektroniese	(1)
1.8	Enige DRIE: Die aantal koerante wat bestel moet word. Kontakpersoon se naam; e-posadres en kontaknommer. Die afleweringadres.	(3)
1.9	Die feit dat daar 'n oulike boekie gaan wees wat met spelling kan help.	(1)
1.10	Ja , hulle kan spyt wees omdat hulle geld verloor deur nie so baie koerante te verkoop nie; Beeld brei só sy lesertal uit / goeie blootstelling aan 'n nuwe leesmark; Beeld dui sy betrokkeheid by die onderwys aan. Nee , ander mediaplatforms voel nie dat hulle werklik geld gaan verloor nie; hulle wil nie by die onderwys betrokke raak nie.	(2)
		[14]

Graad 10

Deur: Nicola Gardiner (Hoërskool DF Malherbe)

Vraag 1

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

1			
2			
3			
4			
5			
6			
			7

10 Jou taal is soveel meer as net woorde. Dit
11 definieer jou...

12 Dis waar jy vandaan kom en waarheen jy op
13 pad is.

14 Jou taal is deel van wat jy is.
15 Daarom sal ons taal nooit sterf nie.

16 Waarom maak Afrikaans jou gelukkig?
17 Besoek www.afrikaans.com.

afrikaans.com

- 1.1 Word reëls 1 tot 3 konnotatief of denotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.2 Gee die meervoud van die onderstreepte woord in reël 6. (1)
- 1.3 Gee die stam(me) van die onderstreepte woord in reël 8. Verskaf ook 'n gepaste sinoniem vir die woord. (2)
- 1.4 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)
- 1.5 Verander die onderstreepte sin in reëls 12 en 13 na 'n vraagsin. (1)
- 1.6 Verbeter die taalfout in reël 14. (1)
- 1.7 Vorm 'n persoonsnaam van die onderstreepte woord in reël 15. (1)
- 1.8 Verskaf die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in reël 16. (1)
- 1.9 Verduidelik in een volsin wat jy kan aflei uit die advertensie omtrent die waarde van Afrikaans. (1)

[10]

Nasienriglyne

	Antwoord	Punt	Denkvlak
1.1	Konnotatief Dit beteken eintlik dat die taal interessant en kreatief is / en dat dit lekker is om jouself in Afrikaans uit te druk.	1	3
1.2	De Villierse (As jy wel die -s uitspreek.) De Villiers's (As jy nie die -s uitspreek nie.)	1	1
1.3	grondslag (1) basis/fondament (1)	2	1
1.4	Enige iemand wat Afrikaans praat / wat Afrikaans wil praat.	1	3
1.5	Is dit waar jy vandaan kom en waarheen jy op pad is?	1	3
1.6	van wie jy is	1	3
1.7	sterfling/gestorwene	1	1
1.8	aartsgelukkig/dolgelukkig	1	1
1.9	Afrikaans is baie belangrik om sinvol te kan kommunikeer. / Afrikaans is belangrik vir mense om hulleself kreatief te kan uitdruk.	1	2
			[10]

Graad 11

Deur: Helene Greyling (Curro Bankenveld)

VRAAG 1

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BLY
KALM
EN
SKRYF
SKERP**

WEN WONDERLIKE PRYSE MET 'SKERPSKRYF IN AFRIKAANS', 'N SKEPPENDE SKRYFKOMPETISIE

SKRYF 'N KORT OPSTEL OOR DIE VRAAG: 'WIL JY GRAAG IN AFRIKAANS OF ENGELS, OF IN EEN VAN DIE ANDER LANDSTALE, SKOOLGAAN EN HOEKOM?'

Kompetisie is oop vir enige gr. 7, 10, 11 of 12 leerder in Drakenstein.
SLUITINGSDATUM: 28 Julie 2018 KOSTE: Mahala
Kontak Verinque Hendriks: 021 872 3441 & vakkundige@taalmuseum.co.za

HUGENOTE GEDENSKOOL • DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM • DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

Verstomend Kardoes Grieselgees Windstem Wispelturig Bollemakiesie Dhaltjie Kooi Holderstebolder

Beeldskoon Hardek was Poenankies Skitterend Kuberkraaker Laattammefjie Pappeld Fruk Spookasem Olik

[BRON: www.taalmuseum.co.za]

- 1.1 Wat is die naam van die kompetisie? Haal drie opeenvolgende woorde aan. (1)
- 1.2 Verduidelik wat jy moet doen om aan die kompetisie te kan deelneem. (1)
- 1.3 Haal een woord uit die advertensie aan wat die koste van die kompetisie aandui. (1)
- 1.4. Lees die stelling:
Die kompetisie is oop vir enige leerder regoor die land.
- 1.4.1 Is die stelling WAAR OF ONWAAR? (1)
- 1.4.2 Motiveer deur 'n sin aan te haal. (1)
- 1.5 Wie is die persoon wat jy moet kontak om aan hierdie kompetisie te kan deelneem? (1)
- 1.6 Noem twee van die borge vir hierdie kompetisie. (2)
- 1.7 In watter landstaal sal jy wil skoolgaan? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[10]

Nasienriglyne

	Antwoorde	Punte
1.1	“Skerpskryf in Afrikaans”	(1)
1.2	Skryf 'n kort opstel.	(1)
1.3	“Mahala”	(1)
1.4.1	Onwaar	(1)
1.4.2	“Kompetisie is oop vir enige gr. 7, 10, 11 of 12 leerder in Drakenstein.”	(1)
1.5	Veronique Hendriks	(1)
1.6	Enige TWEE: Hugenote Gedenkskool Die Afrikaanse Taalmuseum Die Afrikaanse Taalmonument	(2)
1.7	Landstaal (1) Realistiese Motivering (1)	(2)
		[10]

Graad 12

Deur: Annaretha Louw (Hoërskool Outeniqua)



Dit is 'n helder somersdag. Skielik gebeur die

ONDENKBARE.

Jy soek in jou tas. Jy soek onder jou bed.

Jy soek in die kombuis, agter die wasgoedmandjie, op die badkamer se rakkie en selfs in die oond se warmlaai.

ALS TEVERGEEFS. *DAAR IS NÊRENS 'N ONGELEES-DE BOEK TE VINDE NIE!*

Jou hart hamer in jou bors, jou keel trek toe.

DAAR IS NOG SES DAE VAKANSIE OOR!
WAAR OP **MOEGGEPLOEGPAN-WES**
GAAN JY NUWE LEESSTOF KRY?

Desperaat strompel jy koskas toe om te kyk of daar 'n ontbyt-papboks met 'n paar woorde op is.

JYTREK DIE DEUR OOP EN ... ONTHOU!

Daar IS mos 'n boekwinkel in hierdie geweste!

Met 'n sug van verligting trek jy jou tablet nader en gaan na

www.lapa.co.za

Dankie tog vir jou
Afrikaanse Boektuiste!



- 1.2 Wat is die funksie van die kappie op nêrens? (1)
- 1.3 Hoe sluit die manier waarop die produk geadverteer word, by al die inligting in die kopie aan? (2)
- 1.4 Gee die rede vir die gebruik van die koppelteken in die naam Moeggeploegpan-Wes. (1)
- 1.5 Gebruik die bepaler van boekwinkel as die kern in 'n nuwe samestelling. (1)

- 1.6 Gee 'n neutrale sinoniem vir geweste. (1)
- 1.7 Maak 'n verduidelikende sin met die homoniem van tablet. (1)
- 1.8 Noem 'n manier waarop die advertensie die verbruiker aanmoedig om tot aksie oor te gaan. (1)
- 1.9 Die woord boektuiste in die slagspreuk is gekies om 'n spesifieke reaksie by die leser te ontlok. Verduidelik die keuse van die woord boektuiste. (1)

[10]

Nasiemriglyne

	Antwoorde	Punte
1.1	dink	(1)
1.2	lang / oop lettergreep / verleng die klank	(1)
1.3	Die teks is in storienvorm geskryf en 'n (aanlyn)boekwinkel word geadverteer.	(2)
1.4	samestelling met windrigting / aardrykskundige name	(1)
1.5	-boek bv. leesboek / handboek / werkboek / skryfboek	(1)
1.6	gebied / omgewing / plek / area	(1)
1.7	Ek kan nie 'n tablet sluk wanneer ek siek is nie.	(1)
1.8	Die webadres word gegee: www.lapa.co.za/webtuiste	(1)
1.9	(Boek)TUISTE: 'n veilige / gelukkige plek / woordspeling met WEBtuiste	(1)
		[10]

